Teologiekroniek – Teologie en Konteks: 'n Nederlandse diskussie[1]

C J Wethmar

(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

Theology and context: a Dutch discussion

*In this article an analysis is made of the lectures presented to a conference on **theology between church, university and society**, organised by the Netherlands School for Advanced Studies in Theology and Religion in the Dutch town Hoeven from 5 tot 7 June of this year. The analysis is preceded by a brief overview of the present state of affairs regarding the provision of tertiary theological education in the Netherlands. The basic tenor of this wide ranging conference was that theology could and should develop a harmonious relationship to all the contexts in which it operates.*

1 INLEIDING

Gedurende Junie vanjaar het die Afdeling Sistematiese Teologie van die Nederlandse Ondersoekskool vir Teologie en Religiewetenskap (NOSTER) 'n konferensie georganiseer met die oorkoepelende tema *Teologie tussen kerk, universiteit en gemeenskap*. NOSTER is gedurende 1994 gestig as 'n interuniversitêre liggaam waarby die meeste teologiese fakulteite in Nederland betrokke is. Die primêre doel van hierdie Ondersoekskool is om die kwaliteit van teologiese navorsing in Nederland te verhoog. Hierdie doel word nagestreef enersyds deur die gesamentlike aanbieding van programme vir navorsersopleiding aan doktorale studente in die teologie en andersyds deur die stimulering van internasionale samewerking op die terrein van teologiese navorsing.

Die tema wat vir die konferensie gekies was, is uiters aktueel. Wêreldwyd is daar steeds 'n gistingsproses aan die gang oor die aard en inrigting van teologiese opleiding. Nie alleen word daar steeds in baie lande veel oor hierdie aangeleentheid gekonfereer nie, maar ook op internasionale vlak het daar gedurende die afgelope jare invloedryke kongresse oor hierdie aangeleentheid plaasgevind.

So het daar in Oktober 1996 'n kongres van die Duitse afdeling van die Europese Genootskap vir Katolieke Teologie in Mainz plaasgevind oor die

---

[1] Hierdie artikel word opgedra aan my vriend en kollega Johan Koekemoer uit dank en waardering vir die pad wat ons saam kon loop met die amalgamasieproses in ons Fakulteit Teologie.

tema *Bindung an die Kirche oder Autonomie* (Franz 1996) en in Oktober 1998 'n internasionale kongres in Luzern, Switzerland oor die tema *Theologie als öffentliche Aufgabe* (Arens & Hoping 2000).

2 DIE NEDERLANDSE SITUASIE

In welke mate die tema van die NOSTER konferensie aktueel is ten opsigte van die Nederlandse situasie sal duidelik word wanneer 'n kennis geneem word van die ontwikkelinge wat gedurende die afgelope dekade daar plaasgevind het. Gedurende die negentien tagtigs het die Nederlandse owerheid naamlik besluit om 'n algemene rasionalisasie van die universiteitswese te onderneem. In die lig hiervan het die minister van onderwys in 1987 'n Verkenningscommissie Godgeleerdheid ingestel wat 'n grondige studie van die stand van beskikbare fasiliteite vir teologiese onderwys en ondersoek in Nederland moes maak. Faktore soos demografiese tendense en steun van kerke moes ook in ag geneem word (Vroom 1999:5). In Maart 1989 het hierdie kommissie sy verslag uitgebring waarin tot die slotsom gekom is dat die dertien fakulteite wat destyds bestaan het, te veel is en dat dit tot nege gerasionaliseer moet word. Naas Kampen II en Apeldoorn sou drie van die vier openbare fakulteite behou moes word, tewete Leiden, Utrecht en Groningen. Verder sou een Gereformeerde opleiding behoue moes bly naamlik dié in Amsterdam. Kampen I sou volgens die kommissie goedskiks by Groningen ingeskakel kon word. Van die vyf Katolieke fakulteite sou drie gehandhaaf kon word tewete Nijmegen, Utrecht en Tilburg (Smits et al 1989: 137).

Van Rooms-Katolieke kant is hierdie voorstelle aanvaar en implementeer. Dit het beteken dat die Katolieke opleiding te Amsterdam met dié te Utrecht saamgesmelt het en dié te Heerlen met die fakulteit te Nijmegen.

Die Hervormde en Gereformeerde kerke het egter nog voordat die verslag van die Verkenningskommissie bekend was self 'n Interkerkelijke Werkgroep Onderwijs en Onderzoek Theologie (IWOOT) tot stand gebring (Vroom 1999:6). Hierdie werkgroep moes nagaan of die predikantsopleiding van die twee kerke nie gesamentlik geherstruktureer moes word in die lig van die samen-op-weg-proses waarin hulle betrokke was nie. 'n Fundamentele probleem wat in hierdie verband ervaar is, was die feit dat die Hervormde en Gereformeerde opleidings volgens prinsipieel verskillende uitgangspunte gewerk het. Die eersgenoemde het in 'n duplex ordo funksioneer en laasgenoemde in 'n simplex ordo. Binne IWOOT-verband lei die onderhandelinge tot 'n standpunt wat bepaal dat die skeiding tussen kerk en staat gehandhaaf moet bly en dat die kerk self verantwoordelikheid vir die ampsopleiding moet aanvaar maar dat steeds gelykberegtiging tussen die staats- en kerklike opleiding gehandhaaf moet word. Dit lyk of die gedagte groei dat die teenstelling tussen die duplex ordo en die simplex ordo nie so onoorkomelik is as wat altyd gemeen is nie sodat selfs oorweeg word om Kampen I na Utrecht te

skuif om daar voorlopig in Samen-op-weg-verband naas 'n Hervormde Seminarie in noue samewerking met die Utrechtse Fakulteit te werk. Toe die openbare universiteite egter die ongelyke posisie waarin die kerklike opleiding in allerlei praktiese opsigte teenoor die staatsopleiding tog steeds was in die vroeë negentigerjare ophef, is hierdie gedagte van 'n vestiging te Utrecht laat vaar.

Die staatsowerheid het egter steeds bly aandring op die rasionalisasie van protestantse predikantsopleidinge. Toe die eksterne onderwysevaluasie wat in Desember 1997 deur die VSNU gepubliseer is, aandui dat lae studentegetalle in sommige programme die onderrigprosesse onder druk sou kon plaas, het die minister van Onderwys, Kultuur en Wetenskappe in Januarie 1998 die kerke wat by die samen-op-weg-proses betrokke is, versoek om voorstelle te maak op welke wyse die opleidinge verminder kon word. Dit het gelei tot intensiewe oorleg tussen die betrokke drie kerke.

'n Aanduiding van hoe kompleks die situasie is, word gebied deur die feit dat naas die sentrale oorleg tussen hierdie kerke daar ook enkele deelinisiatiewe tot stand gekom het. So het 'n Kerkelijke Commissie Predikantsopleiding Amsterdam 'n voorstel ontwikkel waarvolgens die drie SOW-kerke saam met die Doopsgesinde Seminarie 'n simplex ordo-opleiding aan die VU kon vestig terwyl 'n Verkenningscommissie Predikantsopleiding Oostelijk Cluster met nog weer 'n ander model gekom het met die bedoeling om 'n hoofkampus te Utrecht te vestig met twee verwyderde kampusse te Leiden en Kampen. Dit sou 'n model wees wat sowel die simplex ordo as die duplex ordo sou behou.

Die sentrale oorleg tussen die kerke is gevoer deur die Commissie Concentratie Opleidingen (CCO) wat deur die gesamentlike moderamina van die SOW-kerke ingestel is (Vroom 1999:18). Hierdie kommissie het kennis geneem van die vermelde inisiatiewe maar tog die hele situasie weer in oënskou geneem. Omdat Utrecht die grootste fakulteit is, was dit 'n vanselfsprekende keuse. Daarnaas was dit die bedoeling dat een simplex ordo-instelling behoue sou bly. Aangesien die VU en Kampen op verskillende maniere funksioneer - Kampen is 'n kerklike inrigting en die VU 'n selfstandige instelling met wie die kerk 'n kontrak het - is geoordeel dat dit nie vir hulle moontlik sou wees om saam te smelt nie. Verder was dit nodig geag dat die opleidingsinstansies min of meer eweredig deur die land versprei moet wees. Mede op grond van hierdie oorweginge kom die CCO tot die slotsom dat een van twee opsies gekies moes word tewete of Kampen-Utrecht-Leiden òf Groningen-Utrecht-Amsterdam (VU). Met 'n meerderheid van een stem het die kommissie uiteindelik besluit om die kombinasie Kampen-Utrecht-Leiden by die gesamentlike SOW-sinode aan te beveel.

Die verteenwoordigers van die drie SOW-moderamina wat met hierdie aangeleentheid moes werk, het egter besluit om ondersoek in te stel daarna of 'n fusie tussen Kampen en die VU werklik so onmoontlik is as wat die CCO aanvaar het. Hulle oordeel dat dit nie die geval is nie en besluit na oorleg met

die betrokke instansies dat Kampen by die VU ingelyf moet word in 'n instelling wat onder gesag van die kerk staan. Die gesamentlike moderamina beveel dus by die gesamentlike SOW-sinode van 13 en 14 November 1998 aan om die kombinasie Groningen-Utrecht-Amsterdam (gealgameerde VU en Kampen) te aanvaar. Die sinode het positief op hierdie aanbeveling gereageer en 'n stuurgroep ingestel om hierdie voorstel uit te werk. Tog het dit uiteindelik geblyk dat die samesmelting tussen die VU en Kampen skynbaar wel, soos oorspronklik vermoed, op onoorkomelike probleme stuit. Die gevolg was dat die gekombineerde SOW-sinode op 3 Desember 1999 besluit het dat die aanvanklike voorstel van Kampen-Utrecht-Leiden aanvaar word en dat die Gereformeerde Sinode die taak kry om die kontrak met die Vrije Universiteit te Amsterdam op te sê (Vroom 1999:20).

Hierdie geskiedenis straal 'n beeld uit van uiterste kompleksiteit en die inwerking van historiese invloede wat vir 'n buitestaander in 'n groot mate ondeursigtig is. Wat wel duidelik is, is dat so 'n ontwikkeling die resultaat is van 'n samespel van kragte waarin kerk(e), universiteit(e) en gemeenskap die hoofspelers is. Hieruit blyk dus ook hoe aktueel die tema is wat NOSTER vir sy konferensie vanjaar gekies het. En daaruit blyk verder ook waarom die program van die konferensie in drie subtemas uiteengeval het. In die eerste instansie is die vraag behandel welke impak die kerk op die teologiebeoefening het. Daarmee is die vraag aan die orde gestel hoedanig die verhouding tussen akademiese vryheid en kerklike binding is. Is daar 'n verskil in die wyse waarop hierdie vraag vanuit die Rooms-Katolieke en Reformatoriese tradisies onderskeidelik beantwoord word? Lewer die ekumeniese karakter van 'n fakulteit 'n bydrae in die beantwoording van hierdie soort vrae?

Die tweede stel vrae wat aan die orde gekom het, hang saam met die invloed wat die hedendaagse universiteitswese op die teologie het. Die invloed waar dit hier om gegaan het, is nie alleen van toepassing op die inrigting en institusionalisering van die teologie nie maar ook op die inhoud daarvan. As voorbeeld van wat hiermee bedoel is, is die verhouding tussen dogmatiek en eksegese aan die orde gestel.

Die derde en laaste vraekompleks wat bespreek is, is aangeleenthede wat betrekking het op die feit dat die teologie nie alleen 'n kerklike en akademiese aangeleentheid is nie maar ook in die publieke sfeer funksioneer.

'n Verdere gegewe wat die konferensie besonder boeiend gemaak het, was die feit dat alhoewel die vraagstukke wat bespreek is sterk deur die Nederlandse omstandighede gestimuleer was, daar ook 'n hele aantal buitelandse sprekers uitgenooi was sodat 'n wye verskeidenheid perspektiewe op die betrokke temas telkens ter sprake gekom het.

3 KERK EN TEOLOGIE: DIE VRAAG IN VERBAND MET VRYHEID EN GEBONDENHEID

Die vraag na die verhouding van vryheid en gebondenheid in die teologie het op 'n besonder boeiende wyse aan die orde gekom in die wyse waarop sedert die tweede Vatikaanse Konsilie die leeramp in die Rooms-Katolieke kerk sy posisie teenoor die teologie hanteer het. Dat die vermelde konsilie 'n sekere ontspannenheid in die onderhawige verhouding gebring het, blyk uit die feit dat die antimodernisme-eed waarvan die onderskrywing vir kerklike ampsdraers sedert 1910 verpligtend geword het in 1967 byna ongemerk in onbruik verval het. Tog het daar algaande 'n groter strengheid in die amptelike kerklike beleid ontwikkel met die daarmee gepaardgaande steeds luider wordende protes uit teologiese oord.

In die eerste referaat van die konferensie het Prof Peter Hünermann uit Tübingen hierdie geskiedenis op 'n tweevoudige wyse aan die orde gestel. In die eerste deel word enkele belangrike amptelike dokumente van die Katolieke kerk oor die verhouding leeramp en teologie behandel sowel as die wyse waarop hierdie uitsprake in kerkregtelike bepalinge neerslag gevind het. In die tweede deel van sy lesing bied hy 'n fundamentaalteologiese besinning op die ontwikkelinge wat in die eerste deel beskryf is. In die eerste deel word die onderhawige problematiek dus hoofsaaklik vanuit die perspektief van die kerklike leeramp benader en in die tweede deel hoofsaaklik vanuit die gesigspunt van die teologie.

Uit die veelheid van amptelike uitsprake wat sedert die tweede Vatikaanse Konsilie oor die verhouding tussen leeramp en teologie gemaak is, tree 'n samehangende beeld na vore. Hierdie beeld het uiteindelik uitvoerige neerslag gevind in die dokument getitel *Donum veritatis, Instruksie oor die kerklike roeping van die teoloog.* Fundamenteel ten opsigte van die verhouding waar dit hier om gaan, is dat dit die taak van die leeramp is om die volk van God te leer en om die apostoliese leer uit te dra en te betuig sodat die ganse kerk en mensheid daaraan kan deelkry. Dit is die taak van die teologie om die leeramp hierin te ondersteun. Met die oog hierop is die teologie net soos ander wetenskappe vry in die aanwending van sy metodes en analises. Tog moet steeds in gedagte gehou word dat die teologie die geloof veronderstel en sy taak uitvoer in opdrag van die geloofsgemeenskap. Hieruit vloei voort dat die teologie die verantwoordelikheid het om die ontwikkeling van sy insigte aan die geloofsgemeenskap en veral aan die leeramp bekend te maak terwyl dit die taak van die leeramp is om hierdie nuwe teorieë en argumente te beoordeel.

Die agtergrond waarteen die dokument *Donum Veritatis* gesien moet word, is die indruk wat in die Vatikaan ontwikkel het dat die huidige tyd deur 'n ernstige krisis bedreig word. Die krisis bestaan daarin dat 'n algemene gees van individualisme, relativisme en gevolglik pluralisme langsamerhand ontwikkel het en tans oorheersend geword het. Om teen hierdie ontwikkelinge

weerstand te bied, het die Vatikaan in 1989 besluit om die aflê van 'n nuwe geloofsbelydenis (*professio fidei*) verpligtend te maak vir elke persoon wat 'n amptelike posisie in die Rooms-Katolieke kerk wil beklee (Wethmar 1995: 404). In aansluiting hierby het die Vatikaan ook 'n nuwe getrouheidseed (*iusiurandum fidelitatis*) geformuleer wat deur alle ampsdraers van 'n laer status as die bekleërs van 'n biskopsamp saam met die nuwe geloofsbelydenis afgelê moet word.

Die professio fidei van 1989 bestaan uit twee dele. Die eerste deel bevat die geloofsbelydenis van Nicea. Daarop volg 'n tweede deel wat in drie kort paragrawe drie verskillende tipes waarheid beskryf met daarby dan 'n aanduiding van die verskillende grade van toestemming wat telkens aan 'n bepaalde waarheidstipe korrespondeer (Thils & Schneider 1990: 17 en 18). Om die implikasies van hierdie nuwe *professio fidei* ten volle te begryp, is dit belangrik om noukeurig op hierdie tweede gedeelte met sy drie paragrawe te let. Dit lui, in die amptelike Engelse vertaling soos volg:

"With firm faith I believe as well everything contained in God's word, written or handed down in tradition and proposed by the church - whether in solemn judgement or in the ordinary and universal magisterium - as divinely revealed and calling for faith.

I also firmly accept and hold each and every thing that is proposed by that same church definitively with regard to teaching concerning faith or morals.

What is more, I adhere with religious submission of will and intellect to the teachings which either the Roman Pontiff or the college of bishops enunciate when they exercise the authentic magisterium, even if they proclaim those teachings in an act that is not definitive."

Wie hierdie formulering noukeurig bestudeer, merk op dat dit die resultaat is van die Vatikaan se oortuiging dat die reeds vermelde krisis van die huidige tyd alleen besweer kan word deur 'n verstewiging van die juridiese greep van die Magisterium op die kerk. Vandaar dat die voorlaaste paragraaf van die *professio fidei* van 1989 selfs verder gaan as die eerste Vatikaanse Konsilie daarin dat onfeilbaarheid ook opgeëis word vir daardie elemente van die kerklike leer oor geloof en moraal wat nie direk in die openbaring vervat is nie, maar wat nodig mag blyk te wees om die inhoud van die openbaring te beskryf (Thils & Schneider 1990:107).

Opvallend is verder ook dat waar die eerste en laaste van die drie slotparagrawe van die professio fidei wel op tekste van die tweede Vatikaanse Konsilie en die Corpus Iuris Canonici teruggevoer kan word, dit egter nie met die pas vermelde voorlaaste paragraaf die geval is nie (Hünermann 2000: 292). Dat dit egter vir die Magisterium 'n saak van erns is, blyk uit die feit dat pous Johannes Paulus II op 18 Mei 1998 'n *motu proprio* getitel *Ad tuendam fidem* uitgevaardig het waarin aan hierdie voorlaaste paragraaf wel regsgeldigheid gegee word deurdat dit in die Corpus Iuris Canonici opgeneem word. Uit 'n verduideliking wat deur die kongregasie vir die geloofsleer van hierdie

stap gegee is, blyk volgens Hünermann (2000:296) egter dat daaraan 'n neoskolastieke kenleer ten grondslag lê waarvolgens waarhede wat logies uit geloofsuitsprake voortvloei ook tot die katolieke waarhede gereken word. In die fundamentaalteologiese besinning wat hy in die tweede deel van sy referaat bied, toon hy aan dat die probleem wat hy met hierdie posisie ervaar, is dat dit terugval in die voor-Vaticanum II implementering van 'n onhistoriese openbarings- en geloofsbegrip. Hy oordeel dat daar teruggekeer moet word na die styl en ethos van die tweede Vaticanum waar die leeramp as 'n betuigende magisterium funksioneer het en nie as 'n definiërende magisterium nie. Die betuigende magisterium wil die evangelie by die mens van die huidige tyd kry en die teologie staan in diens van hierdie betuiging en speel 'n fundamentele rol daarin. Dit veronderstel bereidheid tot dialoog tussen die verskillende geledinge in die Katolieke kerk maar ook met ander geloofsgroepe. Die konsensusdokumente wat die afgelope tyd tot stand gekom het, byvoorbeeld dié oor die regverdigingsleer, is 'n aanduiding van wat bereik kan word. Die definiërende magisterium daarenteen wil finale besluite eens en vir altyd neem.

Een van die groot kommunikasie-uitdagings in die Katolieke kerk self is, volgens Hünermann, die gaping tussen die lande waar die Aufklärung aanvaarding gevind het en dié lande waar dit nie die geval is nie.

Dit alles bring opnuut die vraag na vore hoe die Petrusamp ten opsigte van die teologie moet funksioneer in 'n situasie waarin daar so 'n groot behoefte aan dialoog en kommunikasie is. Hünermann beklemtoon drie gesigspunte in hierdie verband: In die eerste instansie moet vryheid van onderrig en navorsing daargestel en regtens gewaarborg word. Tweedens moet aanvaar word dat die leeramp oor die geloofsverkondiging moet waak. Die nodige institusionele maatreëls moet egter geneem word om te verseker dat dit met die nodige teologiese deskundigheid geskied. In die derde instansie sal die kerklike toesig oor die teologie gedesentraliseerd en gekontekstualiseerd moet plaasvind.

Op hierdie punt kom die vraag na vore of die wyse waarop die Rooms Katolieke kerk en teologie die verhouding tussen kerklike binding en die vryheid van die teologie sien, verskil van die wyse waarop hierdie verhouding in die reformatoriese kerke en teologie hanteer word. Om hierdie vraag te beantwoord, moet eers kennis geneem word van die referaat wat Prof Luco J van den Brom aan die tema *vryheid van die teologie en kerklike gebondenheid gewy het.*

Van den Brom het begin deur die aandag te vestig op die figuur van John Wycliff (1324-1384) by wie die eerste roeringe in die kerkgeskiedenis aangetref word wat op die aanbreek van die Reformasie gedui het. Van Wycliff is die opvallende uitspraak bekend dat die universiteitswese met sy heidense verwaandheid vir die kerk net so nuttig is as die duiwel. Hierdie uitspraak het in die herinnering bly vassteek omdat dit een van die 45 stellinge van Wycliff was wat dertig jaar na sy dood by die konsilie van

Konstanz deur die Rooms-Katolieke kerk veroordeel is. Uiteraard was hierdie aanval op die universiteitswese nie die kern van die saak waarom Wycliff homself die gramskap van die kerk op die hals gehaal het nie. Dit was eerder te vind in sy opvattings oor die betekenis van die Heilige Skrif as enigste maatstaf vir die geldigheid van teologiese uitsprake en die implikasie wat dit gehad het vir die verskillende leerstellinge van die kerk. Die rede waarom Wycliff se uitspraak oor die universiteitswese hier vermeld moet word, is omdat daaruit iets duidelik word van die oorspronge van dit wat ons akademiese vryheid noem.

Die Universiteit van Oxford het tydens Wycliff se leeftyd geweier om die reg van die kerk te aanvaar om 'n oordeel uit te spreek oor die opvattinge van die personeel van die Universiteit. Die Universiteit het vir homself die reg voorbehou om sy personeel se oortuiginge te beoordeel. En in die geval van Wycliff het hy hierdie reg ook toegepas. Die kerk sou later 45 van Wycliff se uitsprake veroordeel. Die Universiteit van Oxford self sou dit met 252 uitsprake doen. Ten spyte van sy formele onafhanklikheid van die kerk het die universiteit eintlik maar die oortuiginge van die kerk weerspieël. En hierteen het Wycliff dit gehad toe hy van sy kant die vermelde streng oordeel oor die universiteitswese uitgespreek het.

In die lig van die vermelde episode kom twee opvattings oor akademiese vryheid na vore. Die eerste is dat die akademiese gemeenskap hom die reg voorbehou om oordele van buite te ignoreer en self sy eie beoordeling te doen. In die tweede instansie was daar die posisie van Wycliff wat op die reg tot 'n eie persoonlike opinie aanspraak gemaak het. Daarmee het hy vooruitgegryp op 'n waardestelsel wat pas met die Aufklärung tot stand sou kom. Soos later sou blyk het die Aufklärung se afwysing van alle voorveronderstellings in die wetenskapsbeoefening te ver gegaan. Akademiese vryheid veronderstel nie die afwesigheid van voorveronderstellings nie maar alleen die bereidheid en ruimte om dit ter diskussie te stel.

Die aanbreek van die Reformasie het nog nie die pas beskrewe soort akademiese vryheid gebring nie. Dit het alleen aanleiding gegee tot 'n wisseling van gesagsinstansies. Nou was dit die Gereformeerde ortodoksie wat die heersende gedagtesisteem dikteer het.

Met die Aufklärung het die gedagte van persoonlike outonomie, wat in aanset reeds by Wycliff aanwesig was, op die voorgrond getree. In Nederland lei dit dan tot die vestiging van die duplex ordo in die teologiese fakulteite aan openbare universiteite met sy onderskeid tussen staatsvakke en kerklike vakke. In die geval van die staatsvakke word die teologie sonder enige kerklike invloed beoefen terwyl die verteenwoordigers van die kerklike vakke voor die uitdaging staan om aan die eise sowel van die sekulêre vryheidsideaal as van die kerklike ortodoksie te voldoen. Van den Brom konkludeer veral dat die probleem van akademiese vryheid vir die kerklike teoloog aktueel is. Hierdie vryheid word daarin verwesenlik dat die kerklike teoloog teenoor gevestigde benaderings alternatiewe voorstelle maak oor hoe die

geloof in die moderne wêreld voltrek kan word. Hy oordeel dat eksklusief kerklike teologie meestal 'n sterk restouratiewe karakter dra.

Prof Jan Bremmer, die Groningense kollega van Van den Brom het in sy referaat 'n sentiment vertolk wat tans met toenemende sterkte by verskillende fakulteite waargeneem word en dit is dat die teologie nie so seer van die kant van die staat nie, maar eerder van die kant van die kerk bedreig word (Van der Horst 1994). In hierdie verband vind Bremmer dit jammer dat die Nederlands Hervormde Kerk tans te maklik bereid is om sy tradisie van 'n duplex ordo in te ruil vir 'n simplex ordo. Na sy oordeel word die Hervormde Kerk hiertoe beweeg deur die oorweging dat hulle so meer mag oor die opleiding sal kry. Hy vind dit 'n vreemde ontwikkeling aangesien die Christendom tradisioneel 'n afkeer aan mag gehad het. Bowendien meen hy dat dit skadelik vir die teologie sal wees as die kerke te veel beheer daaroor kry. In so 'n deur die kerk beheerde simplex ordo sal liberale, met die verworwenhede van die Aufkläring samehangende, teologiese opvattings, na sy oordeel nie meer geduld en gefinansier word nie.

Die huidige stand van sake ten opsigte van teologiese fakulteite in Nederland, soos hierbo beskryf, sal volgens Bremmer uiteindelik negatiewe gevolge vir die kerke hê. Na sy oordeel het die kerke nie genoeg weerstand gebied teen die voorskrif van die staat oor die rasionalisering van die aantal teologiese fakulteite nie. Minder studente sal vir die predikantsopleiding aanmeld. Dit sal daartoe lei dat minder professore deur die kerke aangestel kan word. En dit meen hy sal onafwendbaar daartoe lei dat die intellektuele peil van die leierskorps in die kerke sal verlaag. Die gedagtewisseling tussen die verskillende groeperinge in die kerke sal skade lei en die kerke sal aan lewendigheid inboet.

Wanneer die standpunte van Hünermann, Van den Brom en Bremmer opsommend in oënskou geneem word, blyk daaruit 'n konklusie wat tydens die konferensie ook eksplisiet geartikuleer is naamlik dat daar in die poging om die fyn en dikwels ontwykende balans tussen vryheid en gebondenheid in die teologie te probeer vind saaklik geen verskil tussen die Rooms-Katolieke en Reformatoriese benadering is nie. Verder het duidelik geword dat dit in belang van sowel kerk as teologie is dat die verhouding tussen hulle van balans en dialoog sal getuig.

In my eie referaat en in die van prof William Dyrness van Fuller Theological Seminary is die standpunt verdedig dat die vestiging van ekumeniese teologiese opleidinge 'n bydrae daartoe kan lewer om die noodsaaklike balans waarna pas verwys is, te verkry. Dit is belangrik om daarop te let dat ekumeniese opleiding glad nie op ekumeniese agterlosigheid hoef te dui of op die verwaarlosing van kerklike identiteit nie. Dit stel eerder 'n dialogiese meganisme daar wat enersyds denominasies help om tot hulle reg te kom maar wat andersyds ook 'n ongesonde magsmonopolie teenwerk.

4 DIE IMPAK VAN DIE HEDENDAAGSE UNIVERSITEITS-WESE

Naas die verhouding tussen kerk en teologie was die tweede groot tema wat op die NOSTER-konferensie aan die orde gekom het die vraag wat dit vir die beoefening van die teologie beteken dat dit binne die kader van 'n universiteit geskied. Twee sprekers het die diskussie oor die fundamentele kwessies wat hier ter sprake is, ingelei tewete prof J Bremmer van Groningen en prof H M Vroom van die Vrije Universiteit te Amsterdam. Enkele van Bremmer se standpunte is in die vorige paragraaf reeds vermeld toe die verhouding tussen kerk en teologie behandel is. Daaruit het geblyk dat hy 'n ondersteuner is van die duplex ordo en dat hy van oordeel is dat nadat die beperkinge wat die stelsel vroeër op die kerklike opleiding geplaas het in die vroeë negentiger jare opgehef is, daar nie teen kerklike professore gediskrimineer word nie. Waaroor daar tydens die bespreking nie uitsluitsel gekry kon word nie is die vraag of hierdie standpunt van hom bevestig word deur sy opvatting dat 'n openbare universiteit alleen navorsingsprojekte finansieel kan ondersteun wat op voorveronderstellings berus waaroor daar in die publieke sfeer algemene ooreenstemming kan bestaan.

Wanneer Vroom hom uitspreek teen die duplex ordo wys hy daarop dat by 'n besinning oor die institusionele inrigting van teologiese opleiding daar rekening gehou moet word met 'n aantal breëre tendense wat in die kulturele ontwikkeling van verskillende lande aangetref word. Die tendense waarna Vroom verwys, is ontwikkelinge soos die skeiding tussen kerk en staat, die totstandkoming van plurale gemeenskappe en die snelle vooruitgang van die toegepaste wetenskappe.

Die skeiding tussen kerk en staat en die daarmee gepaardgaande ideaal van godsdiensvryheid het die inrigting van teologiese onderrig in verskillende lande op verskillende maniere geraak. In die Verenigde State van Amerika het dit daartoe gelei dat die propagering van godsdienstige oortuigings uit staatsbefondsde opvoedkundige inrigtings geweer is (Michaelson 1980). In Duitsland egter is die gedagte van godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid so toegepas dat aan die twee godsdienstige groeperinge in die land, tewete die Protestante en die Katolieke albei die reg gegee is om parallelle teologiese fakulteite aan openbare universiteite te vestig (Heckel 2000:44-89). Soos reeds aangetoon is, het die gedagte aan godsdiensvryheid in Nederland sedert 1876 neerslag gevind in die duplex ordo van openbare teologiese fakulteite. Hiermee word geïmpliseer dat aan hierdie universiteite al die teologiese dissiplines behalwe Dogmatiek, Praktiese Teologie en Missiologie onder algemene universiteitstoesig en dus volgens die beginsel van neutraliteit beoefen word. Die bedoeling was dat die teologie aan openbare universiteite los sou wees van konfessionele binding. Dit beteken dus dat dissiplines soos die Bybelwetenskappe, die Kerkgeskiedenis, Godsdiensfilosofie, Etiek en die Vergelykende Godsdienswetenskap as staatsvakke bekendstaan. Die neutrali-

teit waarvan daar in hierdie geval sprake is, was aanvanklik natuurlik beperk aangesien die oorgrote meerderheid van die Protestantse deel van die bevolking, soos Bremmer tereg beklemtoon het, aan die Nederlands Hervormde Kerk behoort het. Namate die sekularisasieproses egter toegeneem het, sou die motief van neutraliteit egter aan betekenis wen. In feite het die publieke teologie waarvan hier sprake was ontwikkel tot godsdienswetenskap wat hoofsaaklik op die Christendom gerig was. Met godsdienswetenskap word hier bedoel 'n dissipline wat vanuit 'n instelling van neutraliteit godsdienstige verskynsels en gegewens beskryf sonder om self 'n uitspraak oor die waarheid of geldigheid daarvan te maak.

Die anderkant van die munt was natuurlik dat die konfessionele teologie ook nie aan staatsbeheer onderwerp moes word nie. Daarom is die beoefening van die reeds vermelde kerklike vakke wel deur die staat gesubsidieer maar nie in nie dog by die universiteit geplaas en aan kerklike toesig toevertrou.

'n Belangrike gesigspunt wat in die huidige tyd beklemtoon moet word, is dat die motief waarom gepoog sou word om konfessionele teologie uit openbare universiteite terug te dring nie uit 'n wetenskapsfilosofiese oord afkomstig is in die sin dat dit verwyt word dat daaraan religieuse voorveronderstellings ten grondslag sou lê wat nie algemene aanvaarding vind in die publieke sfeer nie. Trouens dit is bekend dat in die lig van die hedendaagse bewussyn van die teoriegeladenheid van alle ervaring so 'n diskwalifikasie self onaanvaarbaar sou wees. Die eintlike rede waarom besware teen konfessionele teologie in die huidige universiteitsbedryf na vore kan kom, is omdat dit nie in die pragmatiese klimaat wat daarin heers, inpas nie. In die universiteitswese word tans nie veel aandag geskenk aan die fundamentele verantwoording van die universiteitsideaal of die wysgerige verantwoording van die waarheidsbegrip wat daarin geld nie. Die akademiese klimaat het pragmatisties geword en is sterk beïnvloed deur die sukses wat die toegepaste wetenskappe oor die afgelope dekades behaal het. In navorsingsprojekte binne hierdie wetenskappe kan telkens 'n duidelike probleem, ondersoeksmetode en doelwit aangedui word. Doelwitte kan demonstreerbaar bereik word en deskundiges kan ooreenstemming daaroor bereik dat dit die geval is en dat die resultate betekenisvolle toepassings kan hê. So bou die een projek op die ander en is daar 'n gestadige vooruitgang in die wêreldwye uitbreiding van kennis. Deskundiges is in 'n wêreldwye netwerk met mekaar verbind en die toenemende kennis vind in die eerste instansie neerslag in internasionale tydskrifte en nie in boekpublikasies nie.

Langs hierdie weg ontstaan 'n nuwe stel van kriteria oor welke soort wetenskapsbeoefening sinvol is en finansiële steun behoort te geniet. Hierdie kriteria is dié van vooruitgang, ooreenstemming en relevansie. Pragmatiese oorwegings soos dié wat pas vermeld is, weeg tans swaarder as filosofiese oorwegings oor die aard van die wetenskap en dit sal duidelik wees dat konfessionele teologie moeilik by so 'n wetenskapstyl sal inpas. Daar is veel

sinvolle teologiese werk waarin die vooruitgang nie so duidelik aan te toon is nie en waaroor daar nie so maklik wêreldwye ooreenstemming bereik sal kan word nie en waarvan die relevansie in konkrete omstandighede nie so onmiskenbaar aangetoon kan word nie.

Wanneer die teologie nou ten alle koste gedwing word om by hierdie nuwe wetenskapsethos in te pas en in ooreenstemming daarmee steeds verder te spesialiseer en te internasionaliseer dan kan dit nie anders as om deskriptiwisties te word en in godsdienswetenskap te verander nie. Met die oog daarop om aan die kriterium van algemene ooreenstemming te voldoen, word steeds meer projekte gewy daaraan om die gedagtes van erkende teoloë telkens weer te beskryf en te herhaal. Op hierdie wyse word dan miskien ooreenstemming bewerkstellig maar tegelykertyd kom die relevansie van die teologie in gedrang. Wanneer omgekeerd egter die relevante en dringende vooropgestel word, kom die ooreenstemming in gedrang.

In sy lesing oordeel Vroom dat met hierdie laaste kwessie 'n verdere kernprobleem van die huidige teologiese bedryf aan die orde gestel word tewete die kwessie van neutraliteit en konfessionaliteit. Die globaliserende akademiese bedryf vind konfessionaliteit en die handhawing van 'n eie geloofs- en lewensbeskoulike tradisie toenemend verdag sodat die tradisionele konfessionele teologie steeds meer uiteenval in allerlei hulpdissiplines soos die grondtale of die sosiale wetenskappe. Persoonlike standpunt-inname word uit die weg gegaan en akademici trek hulle terug in die herhaling van algemeen aanvaarde standpunte. Op hierdie wyse word egter 'n belangrike element van teologiese en filosofiese kennis misken tewete dat insigte alleen voorkom in bepaalde tradisies en leefgemeenskappe en dat toegang daartoe alleen verkry word deur identifisering met daardie tradisies en leefgemeenskappe. Met betrekking tot aangeleenthede wat nie empiries beslis kan word nie, kan daar wel 'n fundamentele soeke na waarheid wees sonder dat dit lei tot algemene ooreenstemming wat met 'n instelling van neutraliteit bereik word. Wat hier belangrik is, is dialoog tussen tradisies en 'n geleidelike gemeenskaplike groei na die waarheid toe.

Die pas beskrewe benadering pas egter, volgens Vroom, moeilik in 'n universiteitswese wat beheers word deur 'n wetenskapsethos wat deur die toegepaste wetenskappe en die daarmee gepaardgaande pragmatiese instelling bepaal word. Die neutraliteitstrategie van hierdie ethos werk reduserend na resultate toe. Vir die teologie hou dit die implikasie in dat dit godsdienswetenskap word. Die eiesinnigheid van die religie en die eiesoortigheid van tradisies word moeilik deur die pragmatisme van die hedendaagse universiteitswese verwerk. Maar sonder hulle betrokkenheid verloor die teologie as godsdienswetenskap sy relevansie vir kerk, universiteit en samelewing. Die eintlike vrugbaarheid van geloofstradisies vir 'n gemeenskap word eers geaktiveer as hulle met ander oortuigings van gelyke aard nie gelykgeskakel word nie maar in dialoog geplaas word. Eers so kom die mees fundamentele vrae van die denke tot vrugbaarheid.

Vroom kom tot die konklusie dat, alles in ag genome, die eintlike dilemma waarvoor die institusionalisering van teologiese onderrig en navorsing tans staan die teenstelling is tussen die deskriptiwisme van die godsdienswetenskap en die konfessionalisme van die teologie. Ter wille daarvan om sy volle diens aan die samelewing te gee sal die universiteit die eensydige klem op die ethos van die toegepaste wetenskappe moet weerstaan. Die relevansie van die teologie kan nie op dieselfde wyse gemeet word as in hierdie wetenskappe nie. Die feit dat algemeen aanvaarde oplosings nie altyd daarin moontlik is nie mag die universiteit nie daarvan weerhou om die eeue-oue wysheidstradisies van verskillende kulture te ondersoek en oor te lewer nie. Nie alleen tegnies-wetenskaplike publikasies is vir 'n samelewing van belang nie maar ook populêre bydraes waardeur die samelewing op 'n breër vlak gedien word. Religieuse tradisies moet in nuwe kontekste herinterpreteer word ten einde oriëntasie aan 'n gemeenskap te gee.

Met deskriptiewe ondersoek kan die teologie wel sy akademiese standaard bewys maar nie sy reg tot voortbestaan nie. Die relevansie van 'n tradisie soos die Christelike geloof bestaan daarin dat mense gehelp word om sinvol aan hierdie tradisie deel te neem en om sodoende ook die besinning van die samelewing oor fundamentele sake te dien.

Vroom konkludeer dat neutraliteit en konfessionaliteit nie in die universitêre teologie van mekaar geïsoleer moet word nie. Albei hierdie elemente is inherent deel van kritiese refleksie en moet nie institusioneel van mekaar geskei word nie. Om hierdie rede sou 'n duplex ordo in 'n teologiese fakulteit vir hom nie aanvaarbaar wees nie.

5 DOGMATIEK EN EKSEGESE AS VOORBEELD

Die funksionering van die teologie op die raakvlak tussen kerk, universiteit en gemeenskap stel nie alleen vrae oor die institusionalisering daarvan aan die orde nie maar vind ook wetenskapsteoretiese en wetenskapsadministratiewe neerslag in die bepaling van die verhouding tussen dogmatiek en eksegese. Die problematiek ontvang natuurlik 'n besondere profiel in die Nederlandse duplex ordo-opset waar die kerklike en staatsfasette van die opleiding doelbewus van mekaar geïsoleer word. Dit kan nie anders as dat die wysgerige voorveronderstellings van die duplex ordo ook inwerk op die verhouding tussen dogmatiek as kerklike vak en eksegese as staatsvak nie. Tydens die konferensie is hierdie kwessie aan die orde gestel deur dr Caroline van der Stichele, eksegeet van die Universiteit van Amsterdam en prof Nico Schreurs dogmatikus van die Tilburg Universiteit.

Van der Stichele verwys via 'n bespreking van die boek *Beyond New Testament Theology* van die Finse eksegeet Heikki Räisänen na die wyse waarop JP Gabler hierdie problematiek hanteer het. Gabler het geoordeel dat Bybelse en dogmatiese teologie duidelik van mekaar afgeskei moet word. 'n Eeu later het William Wrede hierdie standpunt toegespits deur die eksegese

doelbewus tot historiese dissipline te verklaar. Nog enkele dekades later het Rudolf Bultmann 'n teenoorgestelde beweging uitgevoer deur die normatief-teologiese faset van die interpretasieproses opnuut te beklemtoon. Räisänen self verset hom teen hierdie laasgenoemde ontwikkeling. In 'n post-Christelike wêreld kan daar nie normatiewe voorskrifte aan die Bybel ontleen word nie. Die eksegese moet daartoe beperk word om die rol van die Bybel in die geskiedenis gespeel het, te bestudeer.

Van der Stichele neem nie genoeë met hierdie standpunt van Räisänen nie. Sy wys daarop dat hierdie benadering om die Bybel bloot vanuit historiese gesigspunt los van enige dogmatiese standpunt te bestudeer 'n uitvloeisel is sowel van die Reformasie as van die invloed van Descartes. Die Reformasie het die beginsel gelewer dat die skrif teenoor die kerklike tradisie gehandhaaf moet word terwyl Descartes verantwoordelik was vir die metode. Met sy daarstelling van die fundamentele uitgangspunt van die *cogito ergo sum* het hy gemeen om die vaste basis vir menslike kennis daar te stel wat nie deur instellings of tradisies gelewer kan word nie. Langs hierdie weg word interpretasie dan die outonome aktiwiteit van die denkende subjek. Waar alle instansies tussen die interpreterende subjek en die teks uit die weg geruim is, word 'n onmiddellike begrip van die tekste moontlik.

Descartes het egter nie slegs die subjek van kennis opnuut bepaal nie maar ook die objek daarvan. Die objek van sekere kennis is, volgens hom, die fisiese natuur met uitsluiting van alle bonatuurlike elemente tewete God en die menslike self. Langs hierdie weg het hy die kennisideaal en die empiriese metode wat deur Francis Bacon (1561-1626) ontwikkel is as algemene benadering tot kennisverwerwing gevestig. Die toepassing van hierdie benadering in die Bybelwetenskappe lei tot die totstandkoming van die histories-kritiese metode. Dit hou in dat terwyl die Bybelinterpretasie van denominasionale leerstellings losgemaak word dit wel onderwerp word aan die wysgerige voorveronderstellings van 'n rasionalistiese en anti-supranaturalistiese historiografie.

Van der Stichele vestig egter die aandag daarop dat hierdie opvatting van die eksegese en die daaragter liggende wetenskapsbegrip nie die enig moontlike is nie. Dit het duidelik geword uit die Kuhniaanse gedagte van paradigma-verskuiwings. Sy oordeel dat die totstandkoming van die histories-kritiese metode self so 'n paradigmaskuif was. Intussen word hierdie metode egter toenemend deur ander paradigmas in die gedrang gebring.

Dit is op hierdie punt dat Van der Stichele beswaar aanteken teen die op Gabler teruggaande standpunt van Räisänen. Haar beswaar is dat hierdie benadering van die eksklusief historiese karakter van die eksegese 'n kloof skep tussen betekenis uit die verlede en relevansie vir die hede wat dan agterna weer oorbrug moet word. Sy is van oordeel dat die voorveronderstellings van hierdie metode wat hierbo beskryf is, nie sonder meer geldig is nie. Die absoluut outonome en eensame self is, volgens haar, 'n ideologiese selfkonstruksie van die Wes-Europese Aufklärung. Die hedendaagse leser is nie so 'n

eensame figuur nie maar maak deel uit van verstaansgemeenskappe wat deur verskillende tradisies bepaal word. Tradisies vorm telkens die verwysingsraamwerk in terme waarvan die interpretasieproses plaasvind.

In aansluiting by Elisabeth Schüssler-Fiorenza konkludeer sy uit die pas vermelde gegewens dat die Bybelwetenskap die beste funksioneer as 'n krities publieke diskoers. Dit gaan dus nie slegs meer om 'n akademiese en religieus-teologiese gesprek nie, maar ten volle om 'n publieke gesprek. Die akademikus eis dus nie meer eensydige neutraliteit op met 'n rekonstruksie van wat die teks eenmaal beteken het nie, maar gaan na wat die etiese implikasies en politieke konsekwensies van die betrokke teks sowel in sy oorspronklike as in sy huidige sosiopolitieke konteks is. Langs hierdie weg word die interpretasiegaping tussen die betekenis van die verlede en die relevansie vir die hede oorwin sodat eksegete en dogmatici nie tot verskillende ruimtes behoort nie maar as lede van verskillende verstaansgemeenskappe op verskillende maniere betrokke is by dieselfde ruimte.

Wanneer Schreurs in sy referaat die verhouding tussen eksegese en dogmatiek vanuit die gesigspunt van die laasgenoemde behandel, ontwikkel hy 'n model wat goed aansluit by die voorstel wat Van der Stichele gemaak het oor die wyse waarop die verhouding tussen die twee dissiplines bepaal kan word. Schreurs gee nie 'n eksklusief teoretiese beskrywing van hierdie model nie maar verduidelik dit aan die hand van die wyse waarop hy die leer van die plaasvervanging in die soteriologie sou wou behandel.

So 'n behandeling vereis, volgens Schreurs, 'n drievoudige benadering. In die eerste instansie word 'n noukeurige analise van die betrokke teologiese begrip gemaak. Wat die begrip plaasvervanging byvoorbeeld, betref, sal so 'n analise duidelik maak dat die gebruik daarvan nie die implikasie mag hê dat iemand se selfstandigheid of identiteit in die gedrang kom nie. Dit dui slegs daarop dat 'n bepaalde funksie van iemand vervang word. En in hierdie geval gaan dit daarom dat dit die vermoë van iemand is om genoegdoening vir begane oortredings te gee waarvoor voorsiening gemaak word.

Hierdie begripsanalise kan dan, tweedens, gebruik word as heuristiese skema in terme waarvan gegewens oor plaasvervanging uit die tekste van die Heilige Skrif interpreteer kan word. Dit is die taak van die sistematiese teoloog om die konstruksies wat die eksegete van die teksgegewens maak te toets of aan te vul in terme van sy begripsanalises of leerstellige sisteem. Wat die gedagte van plaasvervanging betref, vind Schreurs dat die teorie van Hartmut Gese en sy medestanders waarin die herstel van vrede tussen God en die sondaar, Jesaja 53 en die interpretasie van die dood van Jesus sinvol met mekaar geskakel word die oortuigendste interpretasie van die Bybelse gegewens is en tewens aansluit by die heuristiese skema wat hy ontwerp het. 'n Opvallende winspunt van hierdie teorie is voorts die insig dat die plaasvervanging deur die verontregte party (God) voorsien word vir die oortreder. God het geen behoefte aan vergelding nie maar streef vir die herstel van heil deur die voorsiening van plaasvervanging.

Die derde faset van die dogmatologiese proses is 'n korrelasie-prosedure. In aansluiting by die werkswyse van David Tracy beklemtoon Schreurs dat nadat die eerste twee stappe van die begripsanalise en die teksuitleg gedoen is, oorgegaan word daartoe om die tot dusver vasgestelde resultaat krities te interpreteer in korrelasie met die kontemporêre, moderne en postmoderne situasie. Dit gaan in die sistematiese teologie dus nie net om die bevestiging van Bybeluitsprake of om die herhaling van leerstellige posisies of kerklike voorskrifte nie. Met inagneming van die kontekste waarin die waarheidsaansprake van Skrif en dogma oorspronklik gemaak is, moet hierdie aansprake vir die hede rekonstrueer word. In hierdie rekonstruksie deur die sistematiese teoloog is dit nie alleen die historiese kwaliteit van die interpretasie wat eksegete en historici van die oorspronklike aansprake maak wat die deurslag gee nie maar ook die koherensie en teologiese visie wat daaraan ten grondslag lê. Die eksegetiese interpretasies word gekorreleer met die sistematiese visie van die dogmatikus waarin hy of sy ook, om weer eens na die plaasvervangingsgedagte te verwys, rekening hou met moderne oortuigings in verband met vryheid, subjektiwiteit en verantwoordelikheid. Aan die hand van so 'n korrelasieprosedure, kom daar dan 'n gebalanseerde en koherente formulering oor die leer aangaande die heil tot stand wat sowel aan die waarheidsaansprake van die Skrif as aan die denkkategorieë van die hede reg laat geskied.

6 TEOLOGIE EN SAMELEWING: DIE UITDAGING VAN 'N PUBLIEKE TEOLOGIE

Die duplex ordo waarin die teologie aan die openbare universiteite in Nederland beoefen word, veronderstel die bestaan van 'n publieke teologie. Dit veronderstel, met ander woorde, dat daar by die breë samelewing 'n behoefte is aan die beoefening van die teologie. Dit is 'n gegewe wat, soos hierbo geblyk het in 1876 nog iets vanselfsprekends was. In hoeverre soiets vandag nog werklik of moontlik is, verdien nadere ondersoek en besinning. Dit is aan hierdie problematiek dat prof GG de Kruijf sy referaat gewy het. Hy oordeel dat daar drie verskillende modelle van publieke teologie bestaan.

Die eerste model wat tipies van die rooms-Katolieke tradisie is, maak gebruik van 'n natuurreg-strategie. Dit gaan uit van die oortuiging dat God 'n morele orde geskep het wat duidelik aan die gegewens van die natuur afgelees kan word. Vir die geloof is die goddelike herkoms van hierdie orde duidelik. Die insig in die herkoms van hierdie orde is egter nie noodsaaklik om die geldigheid daarvan te aanvaar nie.

Die tweede model, tipies van die protestantse tradisie, beskou geopenbaarde morele voorskrifte soos dit, byvoorbeeld, in die Bybel aangetref word as algemeen geldig. Volgens hierdie model is dit moontlik om ook in 'n nieteologiese konteks 'n oortuigende saak vir sulke voorskrifte uit te maak.

Die derde model is die van die *civil religion*-benadering wat deur 'n teoloog soos Reinhold Niebuhr verdedig is. Hierdie benadering gaan daarvan uit dat onder invloed van die Christelike godsdiens sekere gemeenskaplike waardes in 'n samelewing gevestig geraak het - ook al word die Christelike herkoms daarvan nie meer herken nie. Hierdie waardes en oortuigings vind gewoonlik neerslag in die wette wat in so 'n samelewing gemaak word. Die publieke teoloog voer sy betoog in terme van die gevestigde wette met die dikwels onuitgesproke wete van die Christelike herkoms daarvan. Daarom kan sy betoog geld as dié van 'n publieke teoloog.

Die probleem wat De Kruijf met al die vorme van publieke teologie het, is dat dit telkens in een beweging bly steek. Dit dink òf van Christelike kant òf vanuit sekulêre kant. Die eerste opsie maak dit onmoontlik om in gesprek te kom met mense wat nie Christene is nie. Die tweede opsie weer reduseer die inhoud van die Christelike geloof tot niksseggendheid. Dit is daarom belangrik om die teenstelling tussen geloof en nie-geloof nie te verberg nie, maar juis te beklemtoon. Maar dan so te beklemtoon dat hulle in vrede naas mekaar kan leef. Vir De Kruijf beteken dit dat die publieke teoloog steeds 'n dubbele denkbeweging moet maak. In 'n eerste denkbeweging moet aangedui word wat spesifiek Christelik is en gevolglik ook waar die Christelike posisie dit wat gemeenskaplik is, oorskry. In 'n tweede denkbeweging moet aangesluit word by oortuigings wat geloof en nie-geloof gemeenskaplik het maar dan so dat die publieke teoloog steeds die resultate van die eerste denkbeweging in gedagte bly hou.

7 KONKLUSIE

Die pogings wat gedurende die afgelope dekade aangewend is om die teologiese opleidingswese in Nederland te reël, straal 'n beeld van uiterste kompleksiteit uit. Dat dit die geval is, hang nie alleen met die invloed van allerlei botsende historiese invloede en hedendaagse belange saam nie, maar ook met verskillende kultuur – historiese ontwikkelinge wat kenmerkend is van die huidige tyd. In hierdie verband kan verwys word na ontwikkelinge soos die toenemende pluralisme, relatiwisme en sekularisme asook die dramatiese vooruitgang op die gebied van die empiriese en tegnologiese wetenskappe.

Al hierdie ontwikkelinge hou die moontlikheid in van 'n vervreemding van die teologiese opleiding en die teologie-beoefening ten opsigte van die kontekste waarin dit funksioneer. Dit is daarom opvallend dat die NOSTER-konferensie in die algemeen deur positiewe gesindheid gekenmerk is. Klem is daarop gelê dat 'n harmonieuse verhouding van die teologie tot die kerk, universiteit en gemeenskap moontlik is en dat dit doelbewus telkens deur die betrokke vennote nagestreef moet word. Die teologie kan en moet 'n positiewe verhouding tot die moderne en postmoderne gemeenskap hê al moet dit in die huidige tyd grootliks op 'n anonieme

wyse geskied. Die universiteitswese moet weerstand bied teen 'n eensydige pragmatisme wat dit vir die teologie onmoontlik sal maak om sy regmatige bydrae tot die akademiese en gemeenskapslewe te maak. Konfessionaliteit en akademiese vryheid is albei geldige dimensies in die teologiese denkproses en moet liefs nie óf institusioneel óf wetenskapsteoreties geskei word nie. Kerk en teologie sal uiteindelik nie gemeet word aan die hoeveelheid konflikpotensiaal wat hulle in die huidige tyd kan ontwikkel nie maar eerder daaraan of hulle saam daarin kan slaag om die geloofskrisis van die huidige tyd te help besweer sodat die geloof in die kerke, universiteite en gemeenskappe van die huidige tyd 'n werksame krag kan wees (Lehman 2000:29).

Literatuurverwysings

Arens, E & Hoping, H (Hrsg) 2000. *Wieviel Theologie verträgt die Öffentlichkeit?* Freiburg: Herder.

Franz, A (Hrsg) 1999. *Bindung an die Kirche oder Autonomie?* Freiburg: Herder.

Heckel, M 2000. *Der Rechtsstatus der theologischen Fakultäten im freiheitlichen, religiös neutralen Verfassungsstaat*, in Arens & Hoping 2000:44-89.

Hünermann, P 2000. *Den Glauben gegen Irrtümer verteidigen. Kritische Reflexionen eines Dogmatikers zu den jüngsten römischen Verlautbarungen*, in Arens & Hoping 2000: 291-303.

Lehman, K 2000. *Gesellschaft – Wissenschaft- Kirche, in:* Arens & Hoping 2000:29.

Michaelsen, R S 1977. *Constitutions, Courts and the Study of Religion*. JAAR 45, 291-308.

Räisänen, H 1990. *Beyond New Testament Theology. A story and a programme*. London: SCM.

Smits, A H et al 1989. *Rapport van de Verkennings-commissie Godgeleerdheid*. 's-Gravenhage.

Thils, G & Schneider, T 1990. *Glaubensbekenntnis und Treueid. Klarstellungen zu den neuen römischen Formeln für kirchliche Amtsträger*. Mainz: Grünewald.

Van der Horst, P W 1994. *Theologie als niet-kerkelijke wetenschap,* in Broeyer FGM & Van Willigenburg, T (reds), Facultas Theologica: soror sororum. Opstellen over theologie en universiteit. Utrecht: Faculteit der Godgeleerdheid.

Vroom, H M 1997. Staatsvakken en kerkelijke vakken aan openbare universiteiten. *Skrif en Kerk 18(1), 210-231.*

-, 1997. De Vrije universiteit en de organisatie van de theologie in Nederland. *Skrif en Kerk*18(2), 395-414.

-, 1998. Latere ontwikkelingen in de theologie-opvatting aan de Vrije Univer-siteit. *Skrif en Kerk* 19(1), 142-159.

-, 2000. De reductie van het aantal protestantse predikantsopleidingen. Onge-publiseerde manuskrip.

Wethmar, C J 1995. Die vryheid van die teologie in die nuwere Rooms-Katolieke denke. *Skrif en Kerk* 16(2).